# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

**Nuusbrief Newsletter**

6 | 2025
28 | 02| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Vry 28 Feb: Interhuis Redenaars en Vasvra (8h00-9h30)
Vry 28 Feb: Hokkie Drive Thru (fondsinsameling vanaf 16h00)
Vry 28 Feb en Sat 1 Mrt: Atletiek – Boland Kampioenskappe
Wo 5 Mrt: Rugby o.16A en o.19A-wedstryde by HS Strand
Do 6 Mrt: Beheerliggaamtussenverkiesing (18h00-19h00)
Vry 7 Mrt: Rugby Gesinsaand (fondsinsameling)

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

7 Mrt: Augusta Moos (Koshuis)



**JAARTEMA: VOETSPORE**



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

**BEHEERLIGGAAM OUERTUSSENVERKIESING 2025**
**GOVERNING BODY PARENT BY-ELECTION 2025**

Verkiesingsdag/ Election Day:
6 March 2025

Tyd / Time:
18:00 – 19:00

Plek / Place:
HSB-skoolsaal / BHS School Hall

BELANGRIK / IMPORTANT
ONTHOU JOU IDENTITEITSKAART OM TE KAN STEM!
REMEMBER YOUR IDENTITY CARD TO BE ABLE TO VOTE!

DIE GENOMINEERDE OUERS IS / THE PARENT NOMINEES ARE:
Ms Bridget Salo
Mnr Francois van Jaarsveld
Mr Guillermo Dowrie
Mnr Vasie de Wet


## KULTUUR

**TUSSEN DUINE**

Ons is baie trots op oudskolier, Kyle Morkel (matriek 2019), wat eers as akteur in die Arendsvlei-sepie naam gemaak het en nou ook as regisseur sy merk maak. Kyle het ook al rolle in Suidooster vertolk. Kyle wou graag terugploeg in sy omgewing en het 'n YouTube kortfilm, Tussen Duine, geskryf. Ons skoolgebou en terrein, asook oudskoliere en onderwysers, is as akteurs betrek.

Hou gerus die volgende vyf Sondae se YouTube reeks om 20h00, dop.



**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond

**JAARTEMA**
Voetspore



**KLEUREREDENAARS**
Die goue en blouspan redenaars het vanoggend (28 Februarie) sake uitgespook tydens die jaarlikse Kleureredenaars. Ten einde te bepaal wie die beste hulle woord gestand kan doen, moes die beoordelaars behoorlik kopkrap. Agt sterk dogtersprekers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt.

Baie geluk aan die goudspan wat vanjaar as die wenners aangewys is.

Agter vlnr: Simhika Nariandas, Melo Dlamini, Lucy Turvey, Evah Meyer
Voor vlnr: Joaddan Daniels, Leslie-Ann Janse van Rensburg, Janike van Wyk, Malienke van Wyk

## AKADEMIE



**TALENT SEARCH**
27 BDs took part in the Computer Talent Search Olympiad on 25 February 2025.

**COLOURS GENERAL KNOWLEDGE**
The annual colours general knowledge quiz took place this morning in the school hall. The Gold and Blue team competed against one another in a battle of the brains. The score was tied all throughout the war of wisdom. 80 questions later, covering categories from history and sport to entertainment and geography, this interchange of intellect ended with the Gold team beating the Blue team 55 to 54.

We want to congratulate all the competitors, from both teams, for their participation in this titanic struggle. The school enjoyed it immensely



Back ltr: John-William Shepherd, Reese Louw, Evah Meyer
Middle ltr: Sikelela Sesman, Melo Dlamini, Chumani Penxa
Front ltr: Rory Dowrie, Brent Sinani, Letu Duti

## RCL



**GR 8 RCL ANNOUNCED**
We would like to congratulate the following grade 8 learners, (Left to Right) Cordia Walters, Isaac Asongo and Clara de Jager, who have been elected as members of the RCL for 2025. We trust that they will enjoy this new responsibility and serve Bredasdorp High School with honour.

Footprints
2025

## SPORT

**TENNIS: OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT T4J-TOERNOOI**

Verloor 1-8 teen Bellville
Wen 8-1 teen HS Punt
Wen 5-4 teen HS Swartland
Wen 7-2 teen Vredendal
Verloor 1-8 teen HS Strand

HSB het 4de in die Chris Botha-afdeling geëindig.

Baie dankie mnr Terblanche wat aan die stuur van sake was, asook aan die tennisafrigters mee Prins, Van Niekerk en De Kock.


























Agter vlnr: Mkuhluli Tundezwa, Conrad Bothma, Luan Prins, Jan-Carel Lochner, Daniël Fourie
Voor vlnr: Mieke Saayman, Minke Terblanche, Melissa Saayman, Nina Terblanche, Lisa Bredell



**TERM THEME**
Feet on the ground

**GHOLF: Interskole vs HS Montagu**
HS Montagu wen BD A-span 58-51 en BD B-span 49-29.



Vlnr: Emund O'Ehley, Jacques Oberholzer, mnr Marius vd Vyver (spanbestuurder), Alexander Janse van Rensburg, Kevin Goliath, Matthew Brooks, Damian Hansen, Zander Niemand, Jaco van Dewenter



**TWEEKAMP**
Baie geluk aan Dirk Neethling, gr 10, wat opgeneem is in die So.17 Boland Tweekampspan. Die span neem op 22 Maart, in Oudtshoorn,aan die SA Twee-kamp Kampioenskappe deel.
Die BD's wens jou sterkte toe!

**O.15-KRIEKETUITSLAE: INTERSKOLE vs HS MONTAGU, 26 Februarie**
Die BD's het die loot gewen en eerste geboul. HS Montagu het 102 lopies in 13 boulbeurte aangeteken. HSB het 90 lopies in 20 boulbeurte aangeteken en het dus met 13 lopies verloor.

Afgesien van die verloor, het Bredasdorp tot die einde toe geveg en baie goeie sportmanskap getoon.

Beste kolwer: Johannes van Zyl (23 lopies).
Beste bouler: Johannes van Zyl (4 paaltjies)
Marcus Temmers vang 4 kolwers uit.





**EERSTESPAN SEUNSKRIEKET: INTERSKOLE**
HSB se 1ste krieketspan het op 25 Februarie, in Montagu, teen HS Montagu hul interskolewedstryd met 8 paaltjies verloor.

Die BD's het die wedstryd met 'n goeie gees en gesindheid aangepak. Vir sewe van die elf spelers was dit hul laaste interskolewedstryd. Ons is baie trots op elkeen van die krieketspelers.
Op die foto verskyn hul saam met hul opponente.



**BD-TENNISSPAN**
Die **Heuningberg Mediese Sentrum** eerste tennisspan was gelukkig om, op pad na die Sun City Tennistoernooi, die bekende sanger Jak de Priester op die lughawe raak te loop. Aangesien hy redelik onlangs 'n vertoning op Bredasdorp gehou het, was hy gretig om saam met die BD's op 'n foto te verskyn.
Vlnr: Lisa Bredell, Nina Terblanche, Minke Terblanche, Mieke Saayman, Mkuhluli Tundezwa, Jak de Priester, Jan-Carel Lochner, Dirk Neethling en Daniël Fourie.

**DOGTERSKRIEKET: INTERSKOLE 27 Februarie 2025**

HSB se o19-dogterskrieketspan het op 27 Februarie teen HS Montagu gespeel.

HS Montagu wen die loot en besluit om eerste te kolf. Hul teken 118 in 20 beurte aan.
Beste bouler: Chandré Abrahams 2 paaltjies

Tydens HSB se kolfbeurt, kon ons slegs 48 lopies aanteken.
Beste kolwers: Junicke Newman 5 lopies

HSB verloor die wedstryd met 70 lopies.

**CHESS**
We would like to congratulate the following chess players who have made it through to the next round of the Overberg Chess Trials, which will take place on March 8, in Caledon:

u.19 Girls: Rory Dowrie
Boys: Jaco Henning
u.17 Girls: Evah Meyer
u.17 Boys: Luke Valentine
Javen Hansen
Gabriel Jonathan
Ukho Mfenyana
Bradley Zindonda
u.15 Girls: Michaély Arendse
Xiané Collins
u.15 Boys: Aaron Moyo
Jöagen Olivier
Keanu Cloete

## SOSIAAL







0






Leila Donald, gr 9, het 'n eerste plek in die Fotografie-afdeling by die Riversdal Jeugskou gewen. Ons is baie trots daarop dat Leila se foto op 'n tydskrifvoorblad gebruik word. Welgedaan, Leila!


**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond

**REVUE**

Ses-en-dertig BD's is opgewonde en slaggereed vir die revue wat vir later vanjaar deur mnr Rudi de Waal georganiseer word.

Dagboek gerus 13 & 14 Augustus

Ons sien uit na 'n heerlike kultuurinspuiting!









**HIERMEE WORD MAMMA EN DOGTER HARTLIK UITGENOOI NA GIRL SCHOOL BREDASDORP SE BEKENDSTELLINGSAAND.**

**NEE, DIT IS BESLIS NIE 'N NUWE MEISIESSKOOL OP DIE DORP NIE!**

Girl-School presents courses for girls aged 7-18 years, to equip them with the necessary emotional and physical skills to be well-groomed an well-rounded young ladies with solid character. This will enable them to discover their unique inner and outer beauty and wear it as a crown for His glory.
Courses will be presented in Afrikaans and happily explained in English.

**KOM KUIER SAAM, ONTMOET DIE SPAN EN KOM VIND UIT WAT DIE HART VAN GIRL SCHOOL WERKLIK IS."**